Tenofovir-weerstandige isolate van MIV-1 is ook by sommige pasiënte wat tenofovir in kombinasie met sekere antiretrovirale middels ontvang het, herwin. By behandeling-naïewe pasiënte wat met tenofovir + lamivudien + efavirens behandel is, het virale isolate van 8/47 (17 %) pasiënte met virologiese mislukking verminderde vatbaarheid vir tenofovir getoon. By behandelingservare pasiënte het 14/304 (4,6 %) van die pasiënte wat met tenofovir behandel is en wat virologiese mislukking deur week 96 getoon het, verminderde vatbaarheid vir tenofovir getoon. Genotipiese analise van die weerstandige isolate het 'n mutasie in die MIV-1 trutranskriptase geen getoon, wat tot die K65R aminosuur substitusie lei.

Kruisweerstandigheid:
Kruisweerstandigheid tussen sekere trutranskriptaseremmers is bekend. Die K65R-mutasie wat deur tenofovir geselekteer word, word ook by sommige pasiënte wat met MIV-1 besmet is en wat met abakavir, didanosien of salsitabien behandel word, geselekteer. MIV isolate met hierdie mutasie toon ook verminderde vatbaarheid vir emtrisitabien en lamivudien. Kruisweerstandigheid onder hierdie medisyne kan dus by pasiënte by wie die virus die K65R-mutasie huisves, voorkom. MIV-1 isolate van pasiënte (N = 20) by wie die MIV-1 gemiddeld 3 sidovudien-geassosieerde trutranskriptase mutasies uitgedruk het (M41L, D67N, K70R, L210W, T215Y/F of K219Q/E), het 'n 3,1-voudige afname in die vatbaarheid vir tenofovir getoon. MIV-1 met multinukleosied weerstandigheid met 'n T69S dubbelinvoeging mutasie in trutranskriptase toon verminderde vatbaarheid vir tenofovir.

Farmakodinamiese eienskappe:
Die *in-vitro* antivirale aktiwiteit van tenofovir teen laboratorium- en kliniese isolate van MIV-1 is in limfoblastoïede sellyne, primêre monosiet-/makrofaag selle en perifere bloed limfosiete geëvalueer.
Die IC_{50} (50 % inhibitoriese konsentrasie) waardes vir tenofovir was binne die reikwydte van 0,04 – 8,5 µM. In geneesmiddel-kombinasie studies van tenofovir met nukleosied trutranskriptaseremmers (abakavir, didanosien, lamivudien, stavudien, salsitabien, sidovudien), nie-nukleosied trutranskriptaseremmers (delavirdien, efavirens, nevirapien) en proteaseremmers (amprenavir, indinavir, nelfinavir, ritonavir, sakinavir), is additiewe tot sinergistiese effekte waargeneem. Tenofovir toon *in-vitro* antivirale aktiwiteit teen MIV-1 klades A, B, C, D, E, F, G en O (IC_{50} waardes het gereik van 0,5 – 2,2 µM). Die IC_{50} waardes van tenofovir teen MIV-2 het gereik van 1,6 µM tot 4,9 µM.

Farmakokinetiese eienskappe:
Die farmakokinetika van tenofovirdisoproksielfumaraat is by gesonde vrywilligers en MIV-1 besmette individue geëvalueer. Tenofovir se farmakokinetika stem ooreen tussen hierdie populasies.

Absorpsie:
Tenofovirdisoproksielfumaraat is 'n wateroplosbare diëster progeneesmiddel van die aktiewe bestanddeel, tenofovir. Die mondelike biobeskikbaarheid van tenofovirdisoproksielfumaraat is ongeveer 25 % by vastende pasiënte. Na orale toediening van 'n enkele dosis van tenofovir 300 mg aan MIV-1 besmette pasiënte in die vastende toestand, word maksimum serumkonsentrasies (K_{maks}) binne 1,0 ± 0,4 uur bereik. K_{maks} en AOK-waardes is onderskeidelik 296 ± 90 ng/ml en 2287 ± 685 ng*h/ml. Die farmakokinetika van tenofovir is proporsioneel met die dosis binne die dosis reikwydte van 75 tot 600 mg en dit word nie deur herhaalde dosisse beïnvloed nie.

Die effek van voedsel op orale absorpsie:
Toediening van tenofovir na 'n hoë-vet maaltyd (~ 700 tot 1 000 kkal met 40 tot 50 % vet) verhoog die orale biobeskikbaarheid, met 'n toename in tenofovir $AOK_{0-\infty}$ van ongeveer 40 % en 'n toename in K_{maks} van ongeveer 14 %. Toediening van tenofovir met 'n ligte ete het egter nie 'n beduidende uitwerking op die farmakokinetika van tenofovir gehad vergeleke met toediening van die medisyne in die vastende toestand was nie. Voedsel vertraag die tyd tot tenofovir K_{maks} met ongeveer 1 uur. K_{maks} en AOK van tenofovir is onderskeidelik 326 ± 119 ng/ml en 3 324 ± 1 370 ng*h/ml, na verskeie dosisse van tenofovir 300 mg een keer daagliks na maaltye, waarvan die inhoud nie gekontroleer was nie, gegee was.

Verspreiding:
In vitro is die binding van tenofovir aan mensplasma of serumproteïene onderskeidelik minder as 0,7 % en 7,2 %, oor die tenofovir-konsentrasiereeks van 0,01 tot 25 µg/ml. Na intraveneuse toediening van tenofovir 1,0 mg/kg en 3,0 mg/kg is die volume van verspreiding by ewewigstoestand 1,3 ± 0,6 l/kg en 1,2 ± 0,4 l/kg.

Metabolisme en uitskeiding:
In vitro studies dui daarop dat nóg tenofovirdisoproksiel, nóg tenofovir, substrate van CYP450 ensieme is. Na IV-toediening van tenofovir word ongeveer 70 - 80 % van die dosis binne 72 uur na dosering as onveranderde tenofovir in die urien herwin. Na 'n enkele orale dosis van tenofovir is die terminale eliminasiehalfleeftyd van tenofovir ongeveer 17 uur. Na veelvuldige orale dosisse van tenofovir 300 mg een keer daagliks (na maaltye), is 32 ± 10 % van die toegediende dosis na 24 uur in die urien herwin.

Tenofovir word deur 'n kombinasie van glomerulêre filtrasie en aktiewe tubulêre sekresie uitgeskei. Daar kan kompetisie met ander middels wees wat ook deur die niere uitgeskei word.

Spesiale populasies:
Die farmakokinetika van tenofovir is eenders by manlike en vroulike pasiënte. Farmakokinetiese studies is nie by kinders (< 18 jaar) of by bejaardes (> 65 jaar) gedoen nie.

Die farmakokinetiese eienskappe van tenofovir, na 'n enkeldosis van 300 mg, is ondersoek by pasiënte met matig tot erg ingekorte lewerfunksie, wat nie met MIV geïnfekteer is nie. Daar was geen beduidende veranderinge in die farmakokinetika van tenofovir in pasiënte met ingekorte lewerfunksie in vergelyking met pasiënte met normale lewerfunksie nie. Geen verandering in die dosis van tenofovir word vir pasiënte met swak lewerfunksie benodig nie.

Die farmakokinetika van tenofovir is anders by pasiënte met swak nierfunksie. By pasiënte met kreatinienopruiming <50 ml/min, of met eindstadium nierversaking (ESRD) wat dialise benodig, was die K_{maks} en $AOK_{0-\infty}$ van tenofovir verhoog. Dit word aanbeveel dat die doseringsinterval vir tenofovir gewysig word by pasiënte met kreatinienopruiming <50 ml/min, of by pasiënte met eindstadium-nierversaking (ESRD) wat hemodialise benodig (sien **"DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS"**).

Tenofovir word doeltreffend deur hemodialise verwyder, met 'n ekstraksiekoëffisiënt van ongeveer 54 %. Na 'n enkele 300 mg-dosis van tenofovir het 'n 4-uur hemodialisesessie ongeveer 10 % van die toegediende dosis van tenofovir verwyder.

INDIKASIES:
ZEFIN 300 mg TABLETS word in kombinasie met ander antiretrovirale middels vir die behandeling van MIV-1 infeksie aangedui.

KONTRAÏNDIKASIES:
ZEFIN 300 mg TABLETS is teenaangedui by:
- Pasiënte met voorheen bewese hipersensitiwiteit vir enige van die komponente van die produk.
- Matige tot ernstige nierversaking.
- Swangerskap en borsvoeding (sien **"SWANGERSKAP EN BORSVOEDING"**).

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS:
Daar is geen studieresultate wat die effek van **ZEFIN 300 mg TABLETS** op die kliniese progressie van MIV-1 aantoon nie.

Melksuurasidose/hiperlaktatemie/erge hepatomegalie met steatose:
Die gebruik van **ZEFIN 300 mg TABLETS** kan tot potensieel noodlottige laktasidose vanweë mitochondriese disfunksie lei.

Kliniese kenmerke is nie-spesifiek en sluit in naarheid, braking, buikpyn, dispnee, moegheid en gewigsverlies.
By pasiënte met verdagte simptome of biochemie word die veneuse laktaatvlak (normaal < 2 mmol/l) en serumbikarbonaat bepaal en dan soos volg opgetree:
Laktaat 2-5 mmol/l met min simptome: skakel oor na medisyne wat minder geneig is om melksuurasidose te veroorsaak.

Laktaat 5-10 mmol/l met simptome en/of met verminderde standaard bikarbonaat: - STAAK NRTIs en verander die behandelingsopsie. Sodra die laktaat gestabiliseer het, gebruik medisyne wat minder waarskynlik melksuurasidose sal veroorsaak. Sluit ander oorsake uit, (bv. sepsis, uremie, diabetiese ketoasidose, tirotoksikose en hipertiroïdisme).

Laktaat > 10 mmol/l - STAAK alle behandeling (80 % mortaliteit).

Die bogenoemde laktaatwaardes kan moontlik nie van toepassing op pediatriese pasiënte wees nie.
Wees versigtig wanneer **ZEFIN 300 mg TABLETS** aan pasiënte met bekende risikofaktore vir lewersiekte toegedien word.
Behandeling met **ZEFIN 300 mg TABLETS** moet by enige pasiënt met kliniese of laboratorium bevindings wat dui op die ontwikkeling van melksuurasidose of hepatotoksisiteit, gestaak word.
Melksuurasidose en erge hepatomegalie met steatose, waaronder gevalle van sterftes, is aangemeld met die gebruik van nukleosied analoë soos **ZEFIN 300 mg TABLETS**, alleen of in kombinasie met ander antiretrovirale middels. Die meeste van hierdie gevalle was by vrouens gewees. Vetsug en verlengde nukleosiedblootstelling kan ook risikofaktore wees. Uiterste omsigtigheid is nodig wanneer nukleosied analoë, soos **ZEFIN 300 mg TABLETS**, aan enige pasiënt met bekende risikofaktore vir lewersiekte toegedien word; tog is komplikasies ook by pasiënte met geen bekende risikofaktore aangemeld. Behandeling met **ZEFIN 300 mg TABLETS** moet gestaak word by enige pasiënt wie se kliniese of laboratorium bevindings aanduidend is van die ontwikkeling van melksuurasidose of duidelike hepatotoksisiteit (wat hepatomegalie met steatose, selfs in die afwesigheid van opvallende toenames in transaminases, kan insluit).

Mitochondriese disfunksie:
Nukleosied en nukleotied analoë soos **ZEFIN 300 mg TABLETS** is *in vitro* en *in vivo* aangetoon om 'n wisselende mate van mitochondriese skade te berokken. Daar was verslae van mitochondriese disfunksie by MIV-negatiewe babas wat *in utero* en/of postnataal aan nukleosied analoë soos **ZEFIN 300 mg TABLETS** blootgestel was. Afgesien van melksuurasidose/hiperlaktatemie (sien hierbo), behels ander manifestasies van mitochondriese disfunksie hematologiese afwykings (anemie, neutropenie), en perifere neuropatie. Sommige neurologiese afwykings wat later begin het (hipertonie, stuiptrekkings, abnormale gedrag) is aangemeld. Dit is nie bekend of die neurologiese afwykings van verbygaande aard, of permanent is nie. Enige fetus wat *in utero* aan nukleosied en nukleotied analoë blootgestel word, selfs MIV-negatiewe babas/kinders moet in geval van relevante tekens of simptome, klinies en met laboratoriumtoetse opgevolg word en moet volledig ondersoek word vir moontlike mitochondriese disfunksie.

Pankreatitis:
Pankreatitis is by sommige pasiënte wat **ZEFIN 300 mg TABLETS** ontvang waargeneem. Pankreatitis moet oorweeg word wanneer 'n pasiënt buikpyn, naarheid, braking of verhoogde biochemiese merkers ontwikkel. Staak die gebruik van **ZEFIN 300 mg TABLETS** totdat 'n diagnose van pankreatitis uitgesluit kan word.

Lipodistrofie en metaboliese abnormaliteite:
Kombinasie- antiretrovirale behandeling is geassosieer met die herverspreiding/akkumulasie van liggaamsvet, waaronder sentrale obesiteit, dorso-servikale vet, vergroting (buffelnek), perifere uittering, uittering van die gesig, borsvergroting en verhoogde serum-lipiede en glukosekonsentrasies by MIV pasiënte. Kliniese ondersoek moet evaluering van fisiese tekens van herverspreiding van vet insluit. Pasiënte met tekens van lipodistrofie moet 'n deeglike kardiovaskulêre risikobepaling ondergaan.

Immuunrestourasie inflammatoriese sindroom:
Immuunrestourasie inflammatoriese sindroom (IRIS) is 'n immunopatologiese reaksie, wat volg op die vinnige herstel van patogeen-spesifieke immuniteitsreaksies op voorafbestaande antigene, gekombineer met immuundisregulasie, wat kort na aanvang van kombinasie-antiretrovirale behandeling (kARB) voorkom. So 'n reaksie presenteer kenmerkend deur paradoksale agteruitgang van opportunistiese infeksies wat behandel word, of met ontmaskering van 'n asimptomatiese opportunistiese siekte, dikwels met 'n atipiese inflammatoriese presentasie. IRIS ontwikkel gewoonlik binne die eerste drie maande van aanvang van ARB en kom meer algemeen voor by pasiënte met lae CD4-tellings. Algemene voorbeelde van IRIS reaksies op opportunistiese siektes is tuberkulose, sitomegalovirus retinitis, en kriptokokmeningitis.

Geskikte behandeling van die opportunistiese siekte moet ingestel of voortgesit word en ARB moet volgehou word. Inflammatoriese verskynsels klaar gewoonlik na 'n paar weke op. Erge gevalle kan op glukokortikoïede reageer, maar daar is slegs beperkte bewys daarvoor by pasiënte met tuberkuleuse IRIS. Outo-immuunafwykings (soos Graves se siekte) is ook as IRIS reaksies aangemeld; die aangemelde aanvangstyd is egter meer veranderlik en hierdie gebeure kan baie maande na aanvang van behandeling voorkom.

Pasiënte met matige tot erge ingekorte nierfunksie:
By pasiënte met matige tot ernstige swak nierfunksie is die terminale halfleeftyd van **ZEFIN 300 mg TABLETS** langer, as gevolg van verminderde opruiming. Die dosis van **ZEFIN 300 mg TABLETS** moet dus aangepas word (sien "**DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS**") Ingekorte nierfunksie, insluitende gevalle van akute nierversaking en Fanconi se sindroom (renale tubulêre skade met erge hipofosfatemie) is in assosiasie met die gebruik van **ZEFIN 300 mg TABLETS** aangemeld.

ZEFIN 300 mg TABLETS moet vermy word met gelyktydige of onlangse gebruik van 'n nefrotoksiese middel. Pasiënte met 'n risiko vir, of met 'n geskiedenis van nierdisfunksie, en pasiënte wat gelyktydig nefrotoksiese medisyne ontvang, moet noukeurig vir veranderinge in serumkreatinien en -fosfor gemoniteer word.

Lewersiekte:
Gebruik van **ZEFIN 300 mg TABLETS** kan lei tot hepatomegalie, vanweë nie-alkoholiese vetterige lewersiekte (hepatiese steatose). Die veiligheid en doeltreffendheid van **ZEFIN 300 mg TABLETS** is nog nie by pasiënte met belangrike onderliggende lewerafwykings/siektes bepaal nie. In die geval van gelyktydige antivirale behandeling vir hepatitis-B of C, raadpleeg asseblief ook die betrokke verpakkingsbiljette vir hierdie medisyne.

Pasiënte met voorafbestaande lewerdisfunksie, waaronder chroniese aktiewe hepatitis, het 'n verhoogde frekwensie van lewerfunksie-afwykings tydens kombinasie-antiretrovirale behandeling en hulle moet gemoniteer word. As daar bewys is van verslegtende lewersiekte by sulke pasiënte, moet tydelike of permanente staking van behandeling oorweeg word.

Pasiënte met MIV en hepatitis-B of -C virus ko-infeksie:
Dit word aanbeveel dat alle pasiënte met MIV vir die teenwoordigheid van hepatitis-B-virus (HBV) getoets moet word voordat antiretrovirale behandeling begin word. Pasiënte met chroniese hepatitis-B of -C en wat met antiretrovirale middels behandel word, het 'n hoër risiko vir ernstige en potensieel noodlottige newe-effekte op die lewer. **ZEFIN 300 mg TABLETS** word nie aangedui vir die behandeling van chroniese HBV-infeksie nie. Die veiligheid en doeltreffendheid van **ZEFIN 300 mg TABLETS** is nie by pasiënte wat terselfdertyd met HBV en MIV besmet is, vasgestel nie.

Mediese praktisyns behoort die huidige MIV -behandelingsriglyne vir die optimale bestuur van MIV -infeksie by pasiënte wat terselfdertyd ook met hepatitis-B-virus (HBV) besmet is, te raadpleeg.
In die geval van gelyktydige antivirale behandeling vir hepatitis-B of -C, raadpleeg asseblief die betrokke verpakkingsbiljette vir hierdie medisyne.

Pasiënte wat terselfdertyd met MIV en HBV besmet is en wat **ZEFIN 300 mg TABLETS** staak, moet nadat hulle behandeling met **ZEFIN 300 mg TABLETS** gestaak het, noulettend met kliniese waarneming en laboratoriumtoetse opgevolg word. By pasiënte met gevorderde lewersiekte of sirrose word staking van behandeling nie aanbeveel nie, aangesien opflikkering van hepatitis na die behandeling tot hepatiese dekompensasie kan lei.

Staking van behandeling met **ZEFIN 300 mg TABLETS** in pasiënte wat terselfdertyd met MIV en HBV besmet is, kan met ernstige, akute opflikkerings van hepatitis geassosieer word.
Indien toepaslik, kan die instelling van behandeling vir hepatitis-B geregverdig wees.

Geneesmiddelinteraksies (sien "INTERAKSIES"):
Die gelyktydige toediening van **ZEFIN 300 mg TABLETS** en didanosien as die gebufferde tablette of as die enteries-bedekte formulering, verhoog die K_{maks} en AOK van didanosien beduidend (sien Tabel 3). Die meganisme van die interaksie is onbekend. Hoër konsentrasies van didanosien kan didanosien-verwante newe-effekte potensieer, waaronder pankreatitis en neuropatie.
By volwassenes wat > 60 kg weeg moet die dosis van didanosien tot 250 mg verminder word as dit saam met **ZEFIN 300 mg TABLETS** toegedien word. Daar is geen inligting beskikbaar om 'n aanbeveling te kan maak oor aanpassing van die didanosien dosis by pasiënte wat < 60 kg weeg nie. Wanneer dit gelyktydig toegedien word, kan **ZEFIN 300 mg TABLETS** en didanosien onder vastende toestande, of met 'n ligte ete (<400 kkal, 20 % vet) geneem word. Gelyktydige toediening van didanosien gebufferde tablet formulering met **ZEFIN 300 mg TABLETS** moet onder vastende toestande geskied. **Gelyktydige toediening van ZEFIN 300 mg TABLETS en didanosien moet met omsigtigheid geskied en pasiënte wat hierdie kombinasie ontvang moet noukeurig vir didanosien- geassosieerde newe-effekte gemoniteer word. Didanosien moet gestaak word by pasiënte wat didanosien-geassosieerde newe-effekte ontwikkel.**
Dit is aangetoon dat atasanavir en lopinavir/ritonavir die konsentrasie van **ZEFIN 300 mg TABLETS** verhoog het. Die meganisme van die interaksie is onbekend. Pasiënte wat atasanavir en lopinavir/ritonavir en **ZEFIN 300 mg TABLETS** ontvang, moet gemoniteer word vir newe-effekte wat met **ZEFIN 300 mg TABLETS** geassosieer kan word. **ZEFIN 300 mg TABLETS** moet gestaak word by pasiënte wat newe-effekte ontwikkel wat met **ZEFIN 300 mg TABLETS** geassosieer kan word.
ZEFIN 300 mg TABLETS verminder die AOK en K_{min} van atasanavir. Wanneer dit saam met **ZEFIN 300 mg TABLETS** toegedien word, word dit aanbeveel dat atasanavir 300 mg ook saam met ritonavir 100 mg gegee word. Atasanavir moenie sonder ritonavir saam met **ZEFIN 300 mg TABLETS** toegedien word nie.

Aangesien **ZEFIN 300 mg TABLETS** hoofsaaklik deur die niere uitgeskei word, kan gesamentlike toediening van **ZEFIN 300 mg TABLETS** met medisyne wat die nierfunksie verminder, of wat vir aktiewe tubulêre sekresie kompeteer, die serumkonsentrasies van **ZEFIN 300 mg TABLETS** verhoog en/of die konsentrasies van ander medisyne wat deur die niere uitgeskei word, verhoog. 'n Paar voorbeelde sluit (onder andere) in adefovir dipivoksiel, sidofovir, asiklovir, valasiklovir, gansiklovir en valgansiklovir.

Hoër konsentrasies van **ZEFIN 300 mg TABLETS** kan **ZEFIN 300 mg TABLETS** geassosieerde newe-effekte, waaronder niersiektes, potensieer.

Osteonekrose:
Alhoewel die etiologie as multifaktoriaal beskou word (waaronder gebruik van kortikosteroïede, alkoholgebruik, erge immuunonderdrukking, hoër liggaamsmassa-indeks), is gevalle van osteonekrose aangemeld, veral by pasiënte met gevorderde MIV- siekte en/of langtermyn blootstelling aan kombinasie-antiretrovirale behandeling (kARB). Pasiënte moet aangeraai word om mediese raad in te win indien hulle pyne in die gewrigte, gewrigstyfheid of probleme met beweging ervaar.

Effek op die been:
ZEFIN 300 mg TABLETS verminder beenmineraaldigtheid.
Been monitering moet oorweeg word vir MIV-geïnfekteerde pasiënte met 'n geskiedenis van patologiese beenfrakture, of wat 'n risiko vir osteopenie het. Hoewel die effek van aanvulling met kalsium en vitamien-D nie ondersoek is nie, kan hierdie aanvullings vir alle pasiënte voordelig wees. Indien beenafwykings vermoed word, moet geskikte konsultasie verkry word.

Opportunistiese infeksies:
Pasiënte wat **ZEFIN 300 mg TABLETS** ontvang, moet ingelig word dat hulle steeds opportunistiese infeksies en ander komplikasies van MIV-infeksie kan opdoen en dat hulle noukeurige toesig van 'n gesondheidsorgkundige, wat ervaring het van die behandeling van pasiënte met geassosieerde MIV-siekte, moet ontvang. Gereelde monitering van viruslading en CD4-tellings moet gedoen word.

Die risiko van MIV oordrag aan ander mense:
Pasiënte moet ingelig word dat huidige antiretrovirale behandeling, waaronder **ZEFIN 300 mg TABLETS**, nie die risiko van oordrag van MIV aan ander mense deur seksuele kontak of deur besmette bloed verhoed nie. Geskikte voorsorgmaatreëls moet voortdurend toegepas word.

Pediatriese gebruik:
Die veiligheid en doeltreffendheid vir pediatriese pasiënte < 18 jaar is nie bepaal nie.

Geriatriese gebruik :
Oor die algemeen moet die dosis vir ouer pasiënte versigtig gekies word, met inagneming van die hoër frekwensie van verminderde lewer-, nier-, of hartfunksie en van gepaardgaande siekte of behandeling met ander medisyne.

INTERAKSIES:
ZEFIN 300 mg TABLETS word hoofsaaklik deur die niere uitgeskei, deur 'n kombinasie van glomerulêre filtrasie en aktiewe tubulêre sekresie. Gelyktydige toediening van **ZEFIN 300 mg TABLETS** met medisyne wat deur aktiewe tubulêre sekresie uitgeskei word, kan serumkonsentrasies van óf **ZEFIN 300 mg TABLETS** óf die gelyktydige toegediende medisyne verhoog, as gevolg van kompetisie vir hierdie roete van eliminasie. Medisyne wat die nierfunksie verminder kan ook serumkonsentrasies van **ZEFIN 300 mg TABLETS** verhoog.
Tenofovir, soos bevat in **ZEFIN 300 mg TABLETS**, is ondersoek by gesonde vrywilligers in kombinasie met abakavir, adefovir dipivoksiel, atasanavir, didanosien, efavirens, emtrisitabien, indinavir, lamivudien, lopinavir/ritonavir, metadoon, orale voorbehoedmiddels en ribavirien. Tabelle 1 en 2 gee 'n oorsig van die farmakokinetiese effekte van gesamentlik toegediende medisyne op die farmakokinetika van **ZEFIN 300 mg TABLETS** en die effekte van **ZEFIN 300 mg TABLETS** op die farmakokinetika van ander medisyne wat gelyktydig geneem word.
Tabel 3 gee 'n oorsig van die geneesmiddelinteraksies tussen **ZEFIN 300 mg TABLETS** en didanosien. Wanneer 400 mg didanosien saam met verskeie dosisse van **ZEFIN 300 mg TABLETS** toegedien word, styg die K_{maks} en AOK van didanosien aansienlik. Die meganisme van die interaksie is onbekend. Wanneer didanosien 250 mg-enteries-bedekte kapsules saam met **ZEFIN 300 mg TABLETS** geneem word, is die sistemiese blootstelling aan didanosien soortgelyk aan dié wat met slegs die 400 mg enteries-bedekte kapsules onder vastende toestande waargeneem is.

Tabel 1: Geneesmiddelinteraksies: Verandering in farmakokinetiese parameters vir ZEFIN 300 mg tablette[1] in die teenwoordigheid van die gesamentlik toegediende medisyne.

Gesamentlik toegediende medisyne	Dosis van gesamentlik toegediende medisyne (mg)	N	% Verandering in ZEFIN 300 mg TABLETS se farmakokinetiese parameters[2] (90 % VI)		
			K_{maks}	AOK	K_{min}
Abakavir	300 een keer	8	<=>	<=>	NC
Adefovir dipivoksiel	10 een keer	22	<=>	<=>	<=>
Atasanavir	400 een keer daagliks x 14 dae	33	↑14 (↑8 tot ↑20)	↑24 (↑21 tot ↑28)	↑22 (↑15 tot ↑30)
Didanosien(enteries bedek)	400 een keer	25	<=>	<=>	<=>
Didanosien (gebuffer)	250 of 400 een keer daagliks x 7 dae	14	<=>	<=>	<=>
Efavirens	600 een keer daagliks x 14 dae	29	<=>	<=>	<=>
Emtrisitabien	200 een keer daagliks x 7 dae	17	<=>	<=>	<=>
Indinavir	800 drie keer daagliks x 7 dae	13	↑14 (↓3 tot ↑33)	<=>	<=>
Lamivudien	150 twee keer daagliks x 7 dae	15	<=>	<=>	<=>
Lopinavir/Ritonavir	400/100 twee keer daagliks x 14 dae	24	<=>	↑32 (↑26 tot ↑38)	↑29 (↑32 tot ↑66)

1. Pasiënte het **ZEFIN 300 mg TABLETS** een keer daagliks ontvang
2. Toename = ↑; Afname = ↓; Geen effek = <=>; NC = Nie bereken nie

Na verskeie doserings aan MIV-negatiewe proefpersone wat chroniese instandhoudingsterapie met metadoon, óf orale voorbehoedmiddels, óf 'n enkele dosis van ribavirien ontvang het, het die farmakokinetika van tenofovir by ewewigstoestand ooreengekom met dié wat in vorige studies waargeneem is, wat dui op 'n gebrek aan klinies belangrike interaksies tussen hierdie medisyne en **ZEFIN 300 mg TABLETS**.

Tabel 2: Geneesmiddelinteraksies: Verandering in farmakokinetiese parameters van gesamentlik toegediende medisyne in die teenwoordigheid van ZEFIN 300 mg TABLETS.

Gesamentlik toegediende medisyne	Dosis van gesamentlik toegediende medisyne (mg)	N	% Verandering van gesamentlik toegediende medisyne se farmakokinetiese parameters[1] (90 % VI)		
			K_{maks}	AOK	K_{min}
Abakavir	300 een keer	8	↑12 (↓1 tot ↑26)	<=>	n.v.t.
Adefovir dipivoksiel	10 een keer	22	<=>	<=>	n.v.t.
Efavirens	600 een keer daagliks x 14 dae	30	<=>	<=>	<=>
Emtrisitabien	200 een keer daagliks x 7 dae	17	<=>	<=>	↑20 (↑12 tot ↑29)
Indinavir	800 drie keer daagliks x 7 dae	12	↓11 (↓30 tot ↑12)	<=>	<=>
Lamivudien	150 twee keer daagliks x 7 dae	15	↓24 (↓34 tot ↓12)	<=>	<=>
Lopinavir	Lopinavir/Ritonavir 400/100 mg twee keer daagliks x 14 dae	21	<=>	<=>	<=>
Metadoon[2]	40-110 een keer daagliks x 14 dae[3]	13	<=>	<=>	<=>
Orale voorbehoedmiddels[4]	Etinielestradiol/Norgestimaat Een keer daagliks x 7 dae	20	<=>	<=>	<=>
Ribavirien	600 een keer	22	<=>	<=>	n.v.t.
Ritonavir	Lopinavir/Ritonavir 400/100 mg twee keer daagliks x 14 dae	24	<=>	<=>	<=>
Atasanavir	400 een keer daagliks x 14 dae	34	↓21 (↓27 tot ↓14)	↓25 (↓30 tot ↓19)	↓40 (↓48 tot ↓32)
Atasanavir	Atasanavir/Ritonavir 300/100 mg een keer daagliks x 42 dae	10	↓28 (↓50 tot ↑5)	↓25 (↓42 tot ↓3)	↓23[5] (↓46 tot ↑10)

1. Toename = ↑; Afname = ↓; Geen effek = <=>; n.v.t. = nie van toepassing nie
2. R- (aktiewe), S-en totale metadoon blootstelling het ooreengestem, hetsy dit alleen, of saam met **ZEFIN 300 mg TABLETS**, gedoseer was.
3. Individuele proefpersone was op hulle gestabiliseerde dosis van metadoon onderhou. Daar was geen farmakodinamiese veranderings (opiaat-toksisiteit en tekens of simptome van onttrekking) aangemeld nie.
4. Etinielestradiol en 17-deasetiel norgestimaat (farmakologies aktiewe metaboliet) se blootstelling was dieselfde, hetsy dit alleen, of saam met **ZEFIN 300 mg TABLETS** gedoseer was.
5. By MIV-besmette pasiënte het die toevoeging van tenofovir DF 300 mg plus ritonavir 100 mg, tot AOK en K_{min} waardes van atasanavir gelei wat 2, 3 - en 4- keer hoër was as die onderskeie waardes wat vir atasanavir 400 mg waargeneem is wanneer dit alleen gegee is.

Tabel 3: Geneesmiddelinteraksies: Farmakokinetiese parameters vir didanosien in die teenwoordigheid van ZEFIN 300 mg TABLETS.

Didanosien[1] dosis mg/Metode van toediening[2]	ZEFIN 300 mg TABLETS metode van toediening[2]	N	% Verskil (90 % VI) vs. Didanosien 400 mg alleen, Vastend[3]	
			K_{maks}	AOK
Gebufferde tablette				
400 een keer daagliks[4] x 7 dae	Vastend vir 1 uur na didanosien	14	↑28 (↑11 tot↑48)	↑44 (↑31 tot ↑59)
Enteries-bedekte kapsules				
400 een keer, vastend	Met voedsel, 2 h na didanosien	26	↑48 (↑25 tot ↑76)	↑48 (↑31 tot ↑67)
400 een keer, met voedsel	Gelyktydig met didanosien	26	↑64 (↑41 tot ↑89)	↑60 (↑44 tot ↑79)
250 een keer, vastend	Met voedsel, 2 h na didanosien	28	↓10 (↓22 tot ↑3)	<=>
250 een keer, vastend	Gelyktydig met didanosien	28	<=>	↑14 (0 tot ↑31)
250 een keer, met voedsel	Gelyktydig met didanosien	28	↓29 (↓39 tot ↓18)	↓11 (↓23 tot ↑2)

1. Sien "VOORSORGMAATREËLS" vir die gebruik van of didanosien met **ZEFIN 300 mg TABLETS**
2. Toediening met voedsel was met 'n ligte maaltyd (~ 373 kkal, 20 % vet).
3. Toename = ↑; Afname = ↓; Geen verskil = <=>
4. Dit sluit in 4 proefpersone wat < 60 kg weeg, wat ddI 250 mg ontvang het.

SWANGERSKAP EN BORSVOEDING:
Die veiligheid van gebruik tydens swangerskap en borsvoeding is nie bepaal nie. Dit is nie bekend of **ZEFIN 300 mg TABLETS** in borsmelk uitgeskei word nie. (Sien **"KONTRAÏNDIKASIES"**).

DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Die dosis van **ZEFIN 300 mg TABLETS** (tenofovirdisoproksielfumaraat) is 300 mg een keer daagliks, oraal geneem, met of sonder voedsel.

Aanpassing van die dosis vir swak nierfunksie:
'n Aansienlike toename in blootstelling aan die medisyne het voorgekom nadat **ZEFIN 300 mg TABLETS** aan pasiënte met matig tot erg verswakte nierfunksie toegedien is (sien **"KONTRAÏNDIKASIES"**).
Die farmakokinetika van **ZEFIN 300 mg TABLETS** is nie by nie-hemodialise pasiënte met kreatinienopruiming < 10 ml/min geëvalueer nie; dus kan geen aanbeveling vir die dosis by hierdie pasiënte gemaak word nie.

NEWE-EFFEKTE:
Gastroïntestinale afwykings:
Dikwels:
Naarheid, braking, diarree
Minder dikwels:
Buikpyn, winderigheid, anoreksie.
Die volgende newe-effekte is aangemeld maar die frekwensie is onbekend:
Pankreatitis, dispepsie. Serum-amilase konsentrasies kan verhoog wees.

Neurologiese afwykings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld maar die frekwensie is onbekend:
Depressie, hoofpyn, slapeloosheid, perifere neuropatie
Dikwels: Duiseligheid.

Vel- en onderhuidse weefselafwykings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld maar die voorkoms is onbekend: Veluitslag, sweet.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld maar die frekwensie is onbekend:
Mialgie en artralgie. Dit is nie bekend of langtermyn (meer as 1 jaar) gebruik van **ZEFIN 300 mg TABLETS** beenabnormaliteite veroorsaak nie. Dit word aanbeveel dat paslike konsultasie verkry word indien beenabnormaliteite vermoed word.

Respiratoriese-, bors en mediastinale afwykings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensie is onbekend: Dispnee, pneumonie.

Bloed- en limfstelselafwykings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld maar die frekwensie is onbekend:
Neutropenie

Hepatobiliêre afwykings:
Minder dikwels:
Hepatotoksisiteit
Die volgende newe-effekte is aangemeld maar die frekwensie is onbekend:
Verhoogde lewerensieme, hepatitis

Metabolisme en voedingsafwykings:
Minder dikwels:
Melksuurasidose, waaronder gevalle van sterftes, gewoonlik geassosieer met erge hepatomegalie met steatose, is met die gebruik van nukleosied analoë, alleen of in kombinasie met antiretrovirale middels, aangemeld.
Die volgende newe-effekte is aangemeld maar die frekwensie is onbekend:
Hipofosfatemie
Alhoewel 'n oorsaaklike verband nie vasgestel is nie, is opeenhoping en herverdeling van liggaamsvet, insluitend vergrote borste, sentrale vetsug, Cushing-agtige voorkoms, vergroting van dorsoservikale vet (buffelnek), uitgeteerde gesig en perifere uittering waargeneem by pasiënte wat antiretrovirale terapie ontvang. Die meganisme en langtermyn gevolge van hierdie effekte is nie bekend nie.
Hipertrigliseridemie
Hiperglukemie

Nier- en urienwegafwykings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend: Verhoogde kreatinien, proteïenurie, nefrogene diabetes insipidus, swak nierfunksie, nierversaking, interstisiële nefritis, akute nierversaking, en effekte op die proksimale nierkronkelbuisies, waaronder Fanconi se sindroom.

Immuunstelselafwykings:
Die volgende newe-effek is aangemeld maar die frekwensie daarvan is onbekend: Allergiese reaksie.

Algemene afwykings en toestande by die plek van toediening:
Dikwels:
Astenie
Die volgende newe-effekte is aangemeld maar die frekwensie is onbekend: Koors, gewigsverlies, pyn, rugpyn, borspyn.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:
Daar is beperkte kliniese ondervinding by dosisse wat hoër is as die terapeutiese dosis van 300 mg tenofovirdisoproksielfumaraat. Die effekte van hoër dosisse is nie bekend nie. Indien oordosering voorkom moet die pasiënt vir tekens van toksisiteit gemoniteer word en standaard ondersteunende behandeling moet soos nodig toegepas word. **ZEFIN 300 mg TABLETS** word doeltreffend deur hemodialise verwyder, met 'n ekstraksiekoëffisiënt van ongeveer 54 %. Na 'n enkele 300 mg-dosis van **ZEFIN 300 mg TABLETS** het 'n 4-uur hemodialisesessie ongeveer 10 % van die toegediende dosis van tenofovir verwyder.

IDENTIFIKASIE:
Wit tot naaswit ovaalvormige, bikonvekse filmbedekte tablette, gebosseleer met "I" op die een kant en "36" aan die ander kant.

AANBIEDING:
HDPE verpakking:
Tablette verpak in wit ondeursigtige HDPE houers en wit ondeursigtige induksie-verseëlde prop met 'n no. 1 g kieseljelsakkie en poliësterveselspoel. Elke houer bevat 30 tablette.

Verpakking: 30's - Een HDPE-houer bevattende 30 tablette.

BERGINGSAANWYSINGS:
Bewaar by of benede 30 °C. Hou die houer diggeslote.
Moenie gebruik as die seël wat die houer bedek gebreek is, of nie teenwoordig is nie.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER:
44/20.2.8/0307

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT:
Novagen Pharma (Pty) Ltd.
Kantoor 2, Sovereignrylaan 100
Route 21 Corporate Park
Nellmapiusrylaan
Irene – Pretoria

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE PROFESSIONELE INLIGTING
Datum van registrasie: 30 April 2010
Datum van laaste hersiening van die teks soos goedgekeur deur die raad: 30 April 2010
Datum van kennisgewing aangaande gewysigde Reg. 9 en 10: 02 Februarie 2015

P1526405

DETACH BEFORE DISPENSING

PASIËNTINLIGTINGSBILJET

SKEDULERINGSTATUS
S4

HANDELSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM
ZEFIN 300 mg TABLETS (Tablet)
Tenofovirdisoproksielfumaraat

Lees die hele pamflet deeglik deur voordat jy begin om ZEFIN 300 mg TABLETS te gebruik.
- Hou hierdie pamflet. Dit is moontlik dat jy dit weer sal wil deurlees.
- Indien jy nog vrae het, raadpleeg asseblief jou dokter of apteker.
- **ZEFIN 300 mg TABLETS** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moenie jou medisyne met ander mense deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs al is hulle simptome dieselfde as joune.

1. WAT ZEFIN 300 mg TABLETS BEVAT
Die aktiewe bestanddeel is tenofovirdisoproksielfumaraat.
Elke filmbedekte tablet bevat 300 mg tenofovirdisoproksielfumaraat.
Die ander bestanddele is: Natriumkroskarmellose, laktosemonohidraat, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose en pre-gelatineerde stysel.
Die deklagie bevat: Hipromellose, laktosemonohidraat, titaandioksied (Kleurindeksno.: 77891), en triasetien.
Bevat suiker: Laktose 120,83 mg.

2. WAARVOOR ZEFIN 300 mg TABLETS GEBRUIK WORD
ZEFIN 300 mg TABLETS is 'n behandeling vir Mens-Immuungebrekvirus (MIV) by volwassenes. **ZEFIN 300 mg TABLETS** word altyd in kombinasie met ander anti-MIV-medisyne gebruik om pasiënte met MIV-1 infeksie te behandel.

3. VOORDAT JY ZEFIN 300 mg TABLETS NEEM
Moenie ZEFIN 300 mg TABLETS neem nie:
- As jy hipersensitief (allergies) is vir tenofovirdisoproksielfumaraat, of vir enige van die ander bestanddele van **ZEFIN 300 mg TABLETS** nie.
- Indien jy nierversaking het.
- Indien jy swanger is, of borsvoed.

Wees veral versigtig met ZEFIN 300 mg TABLETS:

ZEFIN 300 mg TABLETS kan ernstige probleme met jou lewer of te veel suur in jou bloed veroorsaak. Indien dit nie behandel word nie, kan dit die dood veroorsaak. Die veiligheid en doeltreffendheid van ZEFIN 300 mg TABLETS is nie by pasiënte wat met beide die mens-immuungebrekvirus (MIV) en hepatitis-B-virus (HBV) besmet is, vasgestel nie. ZEFIN 300 mg TABLETS moenie gebruik word vir die behandeling van chroniese HBV-infeksie nie. Jy moet vir etlike maande lank onder deeglike toesig van jou dokter wees as jy HBV-infeksie het en jy hou op om ZEFIN 300 mg TABLETS te neem.

- **ZEFIN 300 mg TABLETS** kan melksuurasidose veroorsaak, wat saam met 'n vergrote lewer noodlottig kan wees. Diep, vinnige asemhaling, lomerigheid, en nie-spesifieke simptome soos naarheid, braking en maagpyn kan dui op die ontwikkeling van melksuurasidose. Melksuurasidose kom meer dikwels voor by vrouens. Pasiënte wat baie oorgewig is, is aan 'n groter risiko onderworpe.
- As jy swanger raak terwyl jy **ZEFIN 300 mg TABLETS** neem, kan jou baba bloed- en senuweestelselsfwykings ontwikkel. Jou dokter sal jou baba se toestand moniteer.
- Pankreatitis is 'n gevaarlike ontsteking van die pankreas, wat dood kan veroorsaak. Lig jou dokter dadelik in as jy maagpyn, naarheid of braking ontwikkel. Dit kan tekens van pankreatitis wees.
- **ZEFIN 300 mg TABLETS** kan jou liggaamsvorm verander, deur die manier waarop die liggaamsvet versprei word, te verander. Jy kan vet aan jou bene, arms en gesig verloor; en/of vet aanpak om die maag en inwendige organe; groter borste kry of 'n vetkussing agter op die nek (buffelskof). Die oorsaak en langtermyn effek van hierdie veranderinge is nog nie bekend nie.
- As jy **ZEFIN 300 mg TABLETS** vir die eerste keer neem, kan jy binne die eerste paar maande van behandeling 'n toestand bekend as Immuunrestourasie Inflammatoriese Sindroom (IRIS) ontwikkel. Hierdie siektetoestand kan opportunistiese infeksies wat behandel word laat erger word, of opportunistiese siektes wat asimptomaties was, ontmasker. Lig jou dokter of gesondheidsorgkundige in as jou algemene gesondheid versleg, of as jy dink dat jy 'n infeksie het. Jy moenie ophou om **ZEFIN 300 mg TABLETS** te neem nie. Jou dokter sal die infeksies op geskikte wyse behandel.
- Lig jou dokter in as jy 'n lewersiekte het (waaronder hepatitis-B). **ZEFIN 300 mg TABLETS** moenie gebruik word om chroniese hepatitis-B-virus infeksie (HBV; 'n voortslepende lewerinfeksie) te behandel nie. Lig jou dokter in as HBV het, of dink dat jy dit kan hê.
- Lig jou dokter in jy niersiekte het, of as toetse wys dat jy nier-probleme het. **ZEFIN 300 mg TABLETS** kan jou niere aantas.
- **ZEFIN 300 mg TABLETS** word gewoonlik nie saam met ander medisyne geneem wat jou niere kan beskadig nie. Indien dit onvermydelik is, sal jou dokter jou nierfunksie dophou.
- Lig jou dokter of gesondheidsorgkundige in as jy enige voorafbestaande lewersiekte, waaronder hepatitis-B of -C het.
- **ZEFIN 300 mg TABLETS** kan ernstige geneesmiddelinteraksies veroorsaak. Lig jou dokter of gesondheidsorgkundige in van alle ander medisyne wat jy neem (sien **"Neem van ander medisyne met ZEFIN 300 mg TABLETS")**.
- Jy kan 'n siektetoestand bekend as osteonekrose ontwikkel terwyl jy **ZEFIN 300 mg TABLETS** neem. Kry mediese raad indien jy pyne in die gewrigte, gewrigstyfheid of probleme met beweging ervaar.
- Beenprobleme: Sommige pasiënte wat kombinasie antiretrovirale behandeling, insluitend **ZEFIN 300 mg TABLETS** kry, kan 'n beensiekte ontwikkel.
- Jy kan steeds opportunistiese infeksies en ander komplikasies van MIV-infeksie ontwikkel, terwyl jy **ZEFIN 300 mg TABLETS** neem. Jy moet heeltyd onder noukeurige waarneming bly van gesondheidsorgkundiges wat ervare is in die behandeling van pasiënte met MIV-geassosieerde siektes. Gereelde monitering van viruslading en CD4-tellings moet gedoen word.
- Daar is steeds 'n risiko dat jy terwyl jy antiretrovirale behandeling ontvang, waaronder **ZEFIN 300 mg TABLETS**, MIV aan ander mense deur seksuele kontak of besmetting met bloed kan oordra. Geskikte voorsorgmaatreëls moet voortdurend toegepas word.
- Die veiligheid en doeltreffendheid van **ZEFIN 300 mg TABLETS** by kinders en pasiënte jonger as 18 jaar is nie bepaal nie.
- Indien jy gevorderde MIV-infeksie (VIGS) het en 'n infeksie opdoen, kan jy akute simptome van die infeksie of ontsteking, of erger simptome van 'n bestaande infeksie ontwikkel, sodra behandeling met **ZEFIN 300 mg TABLETS** begin word. Indien jy tekens van ontsteking of infeksie opmerk en jou toestand versleg, sê dadelik vir jou dokter daarvan.

Neem van ZEFIN 300 mg TABLETS saam met kos en vloeistof:
ZEFIN 300 mg TABLETS kan met of sonder kos geneem word.

Swangerskap en borsvoeding:
- Jy moenie **ZEFIN 300 mg TABLETS** tydens swangerskap neem nie.
- Moenie borsvoed tydens behandeling met **ZEFIN 300 mg TABLETS** nie. Dit is nie bekend of die aktiewe bestanddeel in **ZEFIN 300 mg TABLETS** in die borsmelk uitgeskei word nie.

Indien jy swanger is, of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige voordat jy **ZEFIN 300 mg TABLETS** neem.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van ZEFIN 300 mg TABLETS
ZEFIN 300 mg TABLETS bevat laktose ('n tipe suiker). Indien u ingelig is deur u dokter dat u 'n onverdraagsaamheid teenoor sommige suikers het, kontak u dokter voordat u **ZEFIN 300 mg TABLETS** neem.

Neem van ander medisyne saam met ZEFIN 300 mg TABLETS:
Lig altyd jou gesondheidsorgkundige in as jy enige ander medisyne neem.

(Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in.)
- Lig jou dokter in as jy abakavir, emtrisitabien, indinavir of lamivudien (vir MIV-infeksie) neem.
- Lig jou dokter in as jy atasanavir en/of lopinavir/ritonavir (vir MIV-infeksie) neem: As jy enige van hierdie medisyne neem, sal jou dokter jou behandeling meer noukeurig wil dophou en dit is moontlik dat jy nie **ZEFIN 300 mg TABLETS** as behandeling sal kan gebruik nie.
- As jy **ZEFIN 300 mg TABLETS** en atasanavir gelyktydig neem, moet jy ook ritonavir neem.
- Lig jou dokter in as jy enige medisyne neem wat didanosien (vir MIV-infeksie) bevat. As jy **ZEFIN 300 mg TABLETS** saam met ander antivirale medisyne neem wat didanosien bevat, kan dit die konsentrasie van didanosien in jou bloed verhoog. Ontsteking van die pankreas en neuropatie (senuwee-aantasting) kan voorkom. Jou dokter sal sorgvuldig oorweeg of jy behandel kan word met kombinasies van tenofovir en didanosien
- Lig jou dokter in as jy enige ander medisyne neem wat jou nierfunksie kan verswak. 'n Paar voorbeelde sluit in, maar word nie beperk tot adefovirdipivoksiel, sidofovir, asiklovir, valasiklovir, gansiklovir en valgansiklovir nie.

4. HOE OM ZEFIN 300 mg TABLETS TE NEEM
Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met 'n ander persoon deel nie.

Neem **ZEFIN 300 mg TABLETS** altyd presies soos jou dokter dit vir jou voorgeskryf het. As jy onseker is, vra jou dokter of apteker. Indien jy die indruk kry dat die effek van **ZEFIN 300 mg TABLETS** te sterk of te swak is, lig jou dokter of apteker in.
Jou dokter sal jou inlig hoe lank jou behandeling met **ZEFIN 300 mg TABLETS** sal aanhou.
- Bly onder die sorg van 'n gesondheidsorgkundige as jy **ZEFIN 300 mg TABLETS** neem. Moenie jou behandeling verander of jou behandeling staak sonder om eers met jou gesondheidsorgkundige te praat nie.
- Neem altyd **ZEFIN 300 mg TABLETS** in kombinasie met ander anti-MIV-medisyne.
- Die gewone dosis van **ZEFIN 300 mg TABLETS** is een tablet een keer daagliks, met of sonder kos geneem.
- Lig jou dokter in as jy nierprobleme het.

Indien jy meer ZEFIN 300 mg TABLETS geneem het as wat jy moes:
- Kry nood-mediese hulp as jy dink dat jy te veel **ZEFIN 300 mg TABLETS** geneem het.

In die geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien hulle nie beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

Indien jy vergeet om ZEFIN 300 mg TABLETS te neem:
As jy vergeet het om 'n dosis te neem, neem dit sodra jy daarvan onthou en gaan dan aan soos voorheen. Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
ZEFIN 300 mg TABLETS kan newe-effekte hê.
Indien enige van die volgende gebeur, staak **ZEFIN 300 mg TABLETS** en lig dadelik jou dokter daarvan in, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:
- Netelroos (galbulte); moeilike asemhaling; geswelde gesig, lippe, tong of keel.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. Indien jy dit ervaar, kan jy moontlik 'n ernstige allergiese reaksie op **ZEFIN 300 mg TABLETS** ervaar. Jy kan dringende mediese aandag of hospitalisering benodig.

Lig jou dokter dadelik in as jy enige van die volgende tekens waarneem, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:
- Melksuurasidose (ernstige toename van melksuur in die bloed, 'n ernstige newe-effek wat dodelik kan wees). Die volgende newe-effekte kan tekens van melksuurasidose wees: diep vinnige asemhaling, lomerigheid, naarheid, braking en maagpyn .
- Lewerskade - naarheid; maagpyn; lae koors; swak eetlus, donker urine; stoelgange met die kleur van klei; geelsug (geel verkleuring van die vel of oë).
- Koors, koue rillings, seer keel, hoes, of ander tekens van infeksie.

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy kan dringende mediese aandag benodig.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende newe-effekte waarneem en hulle bekommer jou, of as enige van die simptome ernstig is en nie opklaar nie:

Hoofpyn; 'n gebrek aan energie; duiseligheid, slaapprobleme (onvermoë om te slaap); depressie; senuweeprobleme; gevoelloosheid, tinteling, naalde-en-spelde; naarheid; braking; diarree; pyn in die buik (maag); sooibrand; veluitslag, spierpyn, winderigheid (oortollige hoeveelheid lug/gas in die maag); 'n swak eetlus; ontsteking van die pankreas; ontsteking van die lewer; kortasem; pyn; rugpyn; borspyn; nierprobleme, koors, sweet; gewigsverlies; veranderinge in die liggaamsvet, insluitend 'n verhoogde hoeveelheid vet in die bo-rug en nek, bors en rondom die liggaam, verlies van vet van die bene, arms en gesig kan ook voorkom.

Nie alle newe-effekte wat vir **ZEFIN 300 mg TABLETS** aangemeld is, is by hierdie inligtingsbiljet ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan of jy enige ongunstige effekte ervaar terwyl jy **ZEFIN 300 mg TABLETS** neem, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige.

Indien jy enige newe-effekte waarneem wat nie in hierdie pamflet vermeld word nie, lig jou dokter of apteker in.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN ZEFIN 300 mg TABLETS
Bêre by, of benede 30 °C (kamertemperatuur)**.** Sorg dat die houers dig toe bly.
Moenie gebruik as die seël wat die houer bedek gebreek is, of nie teenwoordig is nie.
Berg alle medisyne buite bereik van kinders.
Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.
Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) gooi nie.

7. AANBIEDING VAN ZEFIN 300 mg TABLETS
HDPE Verpakking:
Tablette word verpak in wit ondeursigtige HDPE houers met wit ondeursigtige sluitings met 'n induksie-seëlingprop met een 1 g silikagelsakkie en poliësterveselspoel. Elke houer bevat 30 tablette. Die HDPE houer word verder verpak in 'n voorafgedrukte karton met 'n verpakkingsbiljet.
Pakgrootte: 30's - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

8. IDENTIFIKASIE VAN ZEFIN 300 mg TABLETS
Wit tot naaswit, ovaalvormige, bikonvekse filmbedekte tablette, gebosseleer met "I" op die een kant en "36" aan die ander kant.

9. REGISTRASIENOMMER
44/20.2.8/0307

10. NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:
Novagen Pharma (Pty) Ltd.
Kantoor 2, Sovereignrylaan 100
Route 21 Corporate Park
Nellmapiusrylaan
Irene – Pretoria
Tel.: +27 (0)12 345 3175

11. DATUM VAN PUBLIKASIE
Datum van registrasie: 30 April 2010
Datum van laaste hersiening van die teks soos goedgekeur deur die raad: 30 April 2010
Datum van kennisgewing aangaande gewysigde Reg. 9 en 10: 02 Februarie 2015